VOORWOORD

Oor die konsentrasiekampe het daar tot nou toe geen studie wat op wetenskaplike navorsing berus, verskyn nie. Wel het daar, tydens en na die Tweede Vryheidsoorlog, baie geskrifte oor die kampe verskyn, maar hierdie geskrifte neem in die reël die vorm aan van getuienisse van ooggetuies en is dus, ofskoon van waarde as bronne vir 'n studie oor die onderwerp, nie omvattend nie; daarby dra hulle 'n sterk persoonlike kleur en kan hulle dus geensins beskou word as die resultaat van studie met die doel om tot klaarheid oor die onderwerp te kom nie. Selfs dié artikels, brosjures en boeke wat nie deur persoonlike waarnemers geskryf is nie, beantwoord nie aan die doel nie, aangesien hulle meestal die werk is van partygangers wie se doel dit was om die een of ander standpunt te stel en te verdedig. Hulle dra dus in die meeste gevalle die stempel van vooringenomenheid en is in elk geval nie op omvattende navorsing gegrond nie. Dat daar behoefte aan 'n objektiewe, omvattende studie oor die konsentrasiekampe bestaan, is dus duidelik.

In hierdie behoefte het skrywer hiervan probeer voorsien. Nie alleen het hy sedert sy kinderjare 'n besondere belangstelling vir die onderwerp gekoester en verklarings van ooggetuies daaroor ingewin nie, maar toe hy tot rypheid gekom het, het hy hom dit tot taak gestel om 'n deurdringende studie daarvan te maak. Van 1936 af het hy onafgebroke navorsing daaroor in ons argiewe en biblioteke gedoen — onder die bekwame leiding van prof. I. D. Bosman en, na dié se oorlye, van sy opvolger, prof. dr. A. N. Pelzer. Wat hiermee die leser aangebied word, is dus die resultaat van uitgebreide navorsing, gebaseer op alle beskikbare bronne waarop skrywer die hand kon lê.

Oorspronklik het die werk as doktorale proefskrif aan die Universiteit van Pretoria gedien, maar die skrywer het, met die oog op die wye belangstelling wat daar vir die onderwerp heers, dit ongewens geag om dit in die vorm van 'n akademiese proefskrif in druk te laat verskyn. Hy het derhalwe besluit om, sonder om aan die wetenskaplike waarde van sy werk af te doen, sy materiaal so in te klee dat dit vir iedereen bevatlik is.

By die nuwe inkleding van die werk het hy die wenke van sy eksaminatore t.w. prof. dr. A. N. Pelzer, prof. dr. H. B. Thom en prof. dr. E. F. W. Gey van Pittius, sorgvuldig in gedagte gehou en ook die medewerking geniet van dr. J. H. Breytenbach, bekende navorser oor die Tweede Vryheidsoorlog, wat sowel die oorspronklike proefskrif as hierdie verwerking daarvan sorgvuldig en krities nagegaan en aan die skrywer in die finale vormgewing daarvan leiding gegee het en hom behulpsaam was. Skrywer wil hierdie hulp dan ook dankbaar erken.

Voorts wil hy — behalwe aan die persone wat hy hierbo spesiaal genoem het — dank betuig aan die personeellede van argiewe en biblioteke wat hom steeds alle moontlike hulp verleen het, en aan die skare van ooggetuies en oud-stryders wat hom van gegewens voorsien het, onder wie ook sy eie moeder wat in die Mafekingse konsentrasiekamp was.

J. C. OTTO.

Pretoria, 11 Maart 1954.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk		*Bl.*
I.	Die ontplooiing van die Britse beleid van brandstigting en verwoesting	1— 18
II.	Die Britse pantservuis	19— 33
III.	Die ontstaan van die konsentrasiebeleid	34— 42
IV.	Die stigting van die konsentrasiekampe	43— 56
V.	Huisvesting	57— 69
VI.	Organisasie en dissipline	70— 82
VII.	Die voeding van die konsentrasiekampbewoners	83—103
VIII.	Sanitasie in kampe	104—118
IX.	Mediese behandeling in kampe	119—129
X.	Die Doodsengel triomfeer	130—144
XI.	Die sterfte neem af	145—150
XII.	Onderwys in die kampe	151—168
	Besluit	169—171
	Bylaag: Maandelikse sensus en sterfte in kampe	172—173
	Literatuur- en bronnelys	174—182
	Register	183—187

LYS VAN VERLUGTINGS

Oorblyfsels van 1,500 perde deur kakies afgemaak	Teenoor bl.	8
'n Boereplaas deur die Britse troepe verniel	„ „	24
'n Deel van 'n dorp deur die kakies in puin gelê	„ „	24
'n Deel van die Winburgse Kafferkommando	„ „	40
Die vervoer van vrouens en kinders in oop kooltrokke	„ „	56
Huisvesting vir die gevange vrouens en kinders	„ „	88
'n Konsentrasiekampinwonertjie	„ „	88
Nog 'n toonbeeld van ellende en smart	„ „	104
Die kamphospitaal, Kroonstad	„ „	120
Die dodehuis, Kroonstadse kamp	„ „	152